


*Drie lede van die negende Antarktiese ekspedisie gister in die Pretoriase streekbiblioteek van die Provinsiale biblioteekdiens waar hulle boeke uitgesoek het vir 'n jaar se geselskap in die Suidpoolgebied. Van links is mnre. F. Clements (senior werktuigkundige), M. H. Williams (ionosferikus) en W. B. Meyer (senior dieseltegnikus). Hulle kyk saam met mev. V. Greyling, streeksbibliotekaresse, na 'n boek oor hul tuiste vir die volgende jaar.*

# Dié boeke sal ure by Suidpool kort maak

**Van Ons Pretoriase Personeel**

PRETORIA

WATTER soort leesstof verkies 'n mens as jy 'n jaar lank Suidpool toe gaan?

Lede van die negende Suid-Afrikaanse Antarktiese ekspedisie, wat die einde van die jaar na Antarktika gaan, moes gister dié probleem oplos toe hulle by die Pretoriase streekbiblioteek van die Provinsiale biblioteekdiens boeke uitgesoek het om saam te neem.

En siedaar. Boeke wat 'n mens die minste sou verwag. Woordeboeke en 'n stel ensiklopedieë was onder die versoeke, „want sê nou daar is argumente wat besleg moet word. Dan moet ons naslaanwerke hê".

Iets oor die wêreldpolitiek en handboeke waaruit Frans en Noord-Sotho geleer kan word, was onder die boeke wat die span aangevra het toe mnr. S. C. J. van Niekerk, direkteur van die biblioteekdiens, hulle gevra het waarmee hy kan help.

Die spanlede is almal wetenskaplikes, sodat 'n groot aantal vakliteratuur saamgeneem word. Daar was ook versoeke vir boeke oor fotografie, elektronika, aardrykskunde, sterrekunde en die Tweede Wêreldoorlog. 'n Verskeidenheid romans is ook gekies.

Die Departement van Vervoer het by die biblioteekdiens aansoek gedoen om die stigting van 'n biblioteekdepot op die Suid-Afrikaanse basis in Antarktika. Volgens wet is Antarktika in die landdrosdistrik van Pretoria, sodat die Transvaalse biblioteekdiens die diens kan lewer.

Mnr. Van Niekerk sien in die diens 'n interessante navorsingsgebied. Oor 'n paar jaar sal dit dalk moontlik wees om te bepaal of bv. 'n werktuigkundige of 'n dokter sekere neigings in sy leessmaak openbaar.

Die resultate van die navorsing sal moontlik ook die vraag beantwoord oor watter boeke gekies sal word as iemand lank en eensaam op 'n eiland moet bly.

In Antarktika moet hulle selfversorgend wees. Daarvoor het huishoudkundiges van die Departement Landbou-tegniese Dienste gesorg dat die spanlede leer koskook.